# Sasria heel moontlik nog 5 j. in staatsbesit

Jaco Leuvennink

KAAPSTAD. – Sasria, die staatsversekeringsfonds teen terreur, opstande, stakings en ander politieke voorvalle, sal ondanks wetsbepalings dat dit geprivatiseer word, waarskynlik nog langer as vyf jaar in staatsbesit bly.

Dit blyk uit Sasria se jaarverslag vir die boekjaar tot einde 2002 wat in die parlement ter tafel gelê is.

Mnr. Cyril Ramaphosa, voorsitter, skryf in sy jaarverslag dat die regering ná Sasria se herstrukturering en kommersialisering in 2001 besluit het om sy rol in die fonds vir 'n tydperk van vyf jaar voort te sit sodat seker gemaak kan word die mark is gereed en in staat om politieke risiko's te onderskryf.

Ingevolge die Wet op die Omvorming van Sasria is die regering verplig om Sasria te privatiseer.

Ramaphosa skryf voorts die terreur-aanval op 11 September 2001 in New York het staatsbetrokkenheid by die versekering van spesiale risiko's opnuut beklemtoon.

Daarom het Sasria se direksie die regering gevra om sy betrokkenheid by Sasria tot langer as die aanvanklike vyfjaartydperk te verleng.

Die gebeure van September 2001 het tot groot verhogings in onderskrywing- en herversekeringskoste gelei en Sasria moes sy premies van 1 Januarie met 20% verhoog.

Voorts moes dekking deur Sasria-polisse van verliese veroorsaak deur chemiese, biologiese of kernwapens ook op aandrang van herversekeraars geskrap word omdat die moontlikheid toegeneem het dat terroriste sulke wapens kan gebruik.

Die verhoging van 20% is einde verlede jaar toe dit bekend gemaak is, skerp gekritiseer omdat dit so ver buite die Reserwebank se inflasieteiken van tussen 3% en 6% geval het en Sasria in 2001 'n voorbelaste wins van R425 miljoen behaal het. Sasria se bestuur het in reaksie daarop gewys dat dit die eerste verhoging in agt jaar was nadat premies weens die afname in die risiko van politieke oproer in Suid-Afrika met sowat 70% afgeneem het.

Voorts is spesiale dividende van R10,4 miljard uit opgeboude reserwes aan die staat betaal waarmee die staat se skuldverpligtinge verminder is.

Volgens die jaarverslag het Sasria se voorbelaste wins verlede jaar tot R21. miljoen afgeneem.

Sy totale beleggings het van R851 miljoen tot R1,086 miljard toegeneem.